15 MAART 2020
HERDERSBRIEF #2

Geliefde Gemeente,

Dit is die eerste dag van die week. Jesus het opgestaan. Daar is soveel grafte wat besoek kan word: die graf van koning Dawid; die graf van Napoleon en Abraham Lincoln. Tot hiertoe kon niemand Jesus se graf uitwys nie: nie Judaïsme nie, en ook nie die Israeli regering nie. Hoekom nie? Omdat Hy opgestaan het.

***"As ons net vir hierdie lewe op Christus hoop, is ons die ellendigste van alle mense." (1 Kor. 15:19).*** Jesus se graf is leeg. Jesus het opgestaan. Dit is ons behoud. Dit is ons hoop. Hierdie voldonge feit beteken ons heers oor omstandighede: ons heers oor die konflik van ons gedagtewêreld. Geen situasie is onmoontlik nie. Die opstandings lewe van Jesus Christus is 'n werklikheid in ons binneste en ook in ons omstandighede.

Ons staan nie alleen in die stryd nie. Ons is meer as oorwinnaars, deur Christus wat ons krag gee: Die Here is besig om vir ons te stry. ***(Jos. 10:42) "Die Here, die God van Israel is besig om vir ons te stry."*** Daarom kan ons met lofoffers van ons lippe die Here loof en aanbid. ***(Heb. 13:15)*** KOM ONS LET OP DIE VRUG VAN ONS LIPPE. Kom ons waak teenoor die angs en twyfel, die onvrede en onsekerheid van ons gedagtes.

Liefdegroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar



15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPC PBO NR: 930056089 (ART.18)